6.2.2 BEACH POLICY/STRANDBELEID (A J SMITH/ks) [7.1.2]

INLEIDING/INTRODUCTION

Daar is tans 'n aantal strandgebiede binne die munisipale gebied van George Munisipaliteit geleë. Die onderskeie strande is Heroldsbaai/Gwaingriviermond, Victoriabaai en Leentjiesklip. Die Wildernisstrandgebied asook Kleinkrantz is ook binne die Munisipaliteit se regsgebied geleë, maar word deur Natuurbewaring bestuur. Die betrokke strande word jaarliks deur duisende toeriste besoek en derhalwe is dit belangrik om eenvormige reëls vir die onderskeie strandgebiede te bepaal.

DOEL VAN DIE BELEID/PURPOSE OF THE POLICY

Die besoek van strande deur plaaslike vakansiegangers asook toeriste van ander wêrelddele bring mee dat die strandgebied tussen die laagwater en hoogwater merk deur mense gebruik word en braai en ontspanningsfasiliteite sowel as toiletgeriewe en parkering deur die algemene publiek benodig word.
Die daarstelling van fasiliteite asook die beheer daarvan berus by die plaaslike owerheid. Die Raad is gevolglik genoodsaak om eenvormige gebruike vir die onderskeie strande neer te lê en af te dwing.

LEGISLATIVE CONTENT/WETGEWENDE INHOUD

- Die Strandwet, 1935 (Wet 21 van 1935);
- Regulations in regard to the seashore and sea situated within or adjoining the area of jurisdiction of the divisional council of Outeniqua (hierdie regulasie is egter slegs op Heroldsbaaistrandgebied van toepassing).

BESPREKING/DISCUSSION

Die bogenoemde regulasies is in terme van Artikel 10 (a) van die Strandwet vir die beheer van die strand en see binne die regsgebied van die Munisipaliteit van George vir Heroldsbaai uitgevaardig.
Die regulasies is egter nie op enige van die ander strande van toepassing nie en daarom is dit noodsaaklik dat 'n eenvormige beleid oor strande bepaal word.

Volgens die regulasie moet die strandgebied (Heroldsbaai) ten alle tye skoon en netjies wees en daarom mag mens nie daar vullis stort nie.

Verder mag 'n persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly nie die strandgebied gebruik nie. 'n Persoon mag hom/haar ook die wanordelik gedra of nakend of onwelvoeglik die strandgebied gebruik nie.

Vleisbraai sal dus slegs by opgerigte braaiplekke kan plaasvind maar die gebruik van alkoholiese drank word in die openbaar verbied.

Honde, perde, ponies of ander diere word nie op die strand toegelaat nie.

'n Persoon mag ook nie 'n vuurwapen op 'n strandgebied afvuur nie.

Geen persoon mag enige kennisgewingborde verskuif of verander of verwyder nie.

Geen vermaaklikheid kan sonder die skriftelike kennisgewing van die plaaslike owerheid op die strandgebied toegelaat word nie.
Geen motorvoertuig word op strande sonder die plaaslike owerheid se toestemming toegelaat nie.

Bote kan slegs met die toestemming van die George Munisipaliteit op die strand toegelaat word.

Niemand mag 'n vuur maak op plekke wat nie vir die doel deur die George Munisipaliteit aangebring is nie.

Die bogenoemde strandregulasies word vandag nog op Heroldsbaai toegepas.

Dieselfde maatreëls hoewel nie op die ander strandgebiede by wyse van regulasies van toepassing gemaak nie, word tot 'n groot mate ook op daardie strande toegepas.

Hoewel daar nie uitdruklik in die regulasies voorsiening gemaak word nie, word handeldryf op die onderskeie strande ook nie toegelaat nie. Stalletjies vir informele handelaars word egter wel in die parkeergebiede by die strande op beperkte basis toegelaat.

Ten einde hierdie maatreëls te kan toepas het die Raad ook nou begin om Wetstoepassers aan te stel wat die strande gedurende seisoentye op 'n gereelde basis patroleer.

Hoewel eenvormige beheermaatreëls vir die onderskeie strande neergelê kan word, sal die maatreëls op die ander strande (as Heroldsbaai) nie effektief toegepas kan word nie omrede die strandregulasies nie op die betrokke strande van toepassing is nie en derhalwe ook nie by wyse van regsaksies afgedwing kan word nie. Sodra nuwe strandregulasies egter vir George aanvaar word, sal dit op al die strande binne die regsgebied van George Munisipaliteit van toepassing gemaak kan word.

BESLUIT OM BY UITVOERENDE BURGEMEESTER AAN TE BEVEEL

dat die volgende beleidsmaatreëls op alle strande binne die regsgebied van George Munisipaliteit van toepassing gemaak word: **[EA]**

(a) 1. dat geen vullisstorting op strande en aangrensende gebiede toegelaat word nie;

2. dat persone wat die strandgebied gebruik, welvoeglik geklee moet wees en dus nie die strandgebied nakend mag gebruik nie;

3. vleis braai mag slegs by munisipaal opgerigte braaiplekke plaasvind;

4. gasbraai sal slegs toegelaat word op plekke soos aangewys.

5. die gebruik van alkoholiese drank in die openbaar word nie toegelaat nie;

6. Honde, perde, ponies of ander troeteldiere word nie op die strand toegelaat nie;

7. geen persoon mag 'n vuurwapen op 'n strandgebied afvuur nie;

8. geen persoon mag op die strandgebied sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid handeldryf nie;

9. geen persoon mag enige munisipale kennisgewingborde verskuif of verwyder nie;

10. geen vermaaklikheid mag op die strandgebied gehou word sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid nie;

11. geen voertuie word op die strand sonder die plaaslike owerheid se skriftelik toestemming toegelaat nie;

12. bote kan slegs met die geskrewe toestemming van die plaaslike owerheid op die strandgebied gelanseer word;
13. dat vullis slegs in vullishouers wat vir die doel op die strandgebied aangebring is, geplaas mag word;

14. geen aktiwiteite wat die omgewing mag benadeel mag sonder die skriftelik toestemming van die plaaslike owerheid op die strandgebied bedryf word nie.

(b) dat die bogenoemde maatreëls op kennisgewingborde by alle strande binne George Munisipaliteit se regsgebied aangebring word (in al drie amptelike tale).

[EA]

RESOLVED TO RECOMMEND TO THE EXECUTIVE MAYOR

(a) that the following policy stipulations be made applicable on all beaches in the jurisdictional area of George Municipality:

1. that no refuse disposal be allowed on beaches and adjacent areas;

2. that persons who utilize the beach area be clothed properly and that no person may utilize the beach area in the nude;

3. braaing will only be allowed on municipal erected braai facilities;

4. gas braai will only be allowed on places clearly marked for that purpose;

5. the consumption of alcoholic beverages will not be allowed on the beach area or any public place;

6. dogs, horses, ponies or any other pets will not be allowed on the beach;

7. no person may fire a firearm on the beach area;

8. no person may trade on the beach area without the written permission of the local authority;

9. no person may remove or move any municipal notice board;

10. no public entertainment will be allowed on the beach area without the written permission of the local authority;

11. no vehicles will be allowed on the beach without the written permission of the local authority;

12. the launching of boats on the beach area will only be allowed with the written permission of the local authority;

13. waste may only be placed in bins that have been placed on the beach area for that purpose;

14. no activity which may be harmful to the environment will be allowed without the written permission of the local authority;

(b) that the abovementioned stipulations be placed on notice boards on all beaches within the jurisdiction area of George Municipality (in all three official languages).

KUGQITYWE UKUBA KUSODOLOPHU WESEBE LOMBUSO ELILAWULAYO

(a) kukuba ezi zigqibo zomgaqo-nkqubo zenziwe zifumaneke kuwo onke amanxweme kummandla wolawulo lwezobulungisa kaMasipala WaseGeorge

1. Kukuba kungabikho kulahlwa kwenkunkuma kuvunyelwa kumanxweme kunye nakwiindawo ezikufuphi;
2. Kukuba abantu abasebenzisa indawo yonxweme banxibe ngokufanelekileyo kunye nokuba akukho mntu unganxibanga ungasebenzisa indawo yonxweme ;
3. Ukoja kuya kuvunyelwa kuphela kumancedo okoja amiswe ngumasipala;
4. ukoja kwegesi kuya kuvunyelwa kuphela kwiindawo eziphawulwe ngokucacileyo malunga naloo njongo;
5. ukusetyenziswa kweziselo zealkoholi akuyi kuvunyelwa kwindawo yonxweme okanye kuyo nayiphina indawo kawonke-wonke;
6. izinja, amahashe, amahashe amancinane okanye naziphina ezinye izilwanyana zasekhaya azisayi kuvunyelwa kunxweme;
7. akukho mntu ungadubula ngompu kwindawo yonxweme;
8. akukho mntu ungashishina kwindawo yonxweme ngaphandle kwemvume ebhaliweyo karhulumente wasekhaya;
9. akukho mntu ungasusa okanye ashenxise nayiphina ibhodi yesaziso kamasipala;
10. Akuyi kuvunyelwa konwatyiswa kukawonke-wonke kwindawo yonxweme ngaphandle kwemvume ebhaliweyo karhulumente wasekhaya;
11. akukho zinqwelo ziya kuvunyelwa kunxweme ngaphandle kwemvume ebhaliweyo karhulumente wasekhaya;
12. ukundululwa kwamaphenyane kwindawo yonxweme kuya kuvunyelwa kuphela ngemvume ebhaliweyo karhulumente wasekhaya;
13. inkunkuma ingafakwa kuphela kwiinkonkxa ezibekwe kwindawo yonxweme ngenxa yalo njongo;
14. akukho msebenzi ungaba yingozi kubume bemeko yendawo uya kuvunyelwa ngaphandle kwemvume ebhaliweyo kamasipala;

(b) kukuba ezi zigqibo zikhankanywe ngentla apha zibekwe kwiibhodi zezaziso kuwo onke amanxweme aphakathi kummandla wolawulo lwezobulungisa kaMasipala waseGeorge kuzo zonke iilwimiezintathu ezisesikweni.

RESOLVED

(a) that the matter be referred back and that an investigation pertaining to a policy for beaches for the entire George be conducted by the Department of Environmental Affairs; **[EA]**

(b) that the policy mentioned in (a) above be submitted to Council for consideration. **[EA]**